# Preekstudie: Jesaja 1:1, 10-20

Druk afdeling

## *Teks*

Die fokusteks vir die Sondag is uit die eerste hoofstuk van Jesaja. Hoofstuk 1 is in die vorm van 'n regsgeding teen Juda. Ons hoor die werkwoord "luister" as oproep in vers 2 en 10 (die begin van die Sondag se perikoop).

Ons bespreek die fokusteks aan die hand van drie momente in die fokusteks:

- vers 1 as historiese en literêre konteks
- vers 10-17 wat kritiek lewer op die kultusbedrywighede by die tempel
- vers 18-20 wat oproep tot terugkeer na God.

***Vers 1***: Kommentatore is onseker of die opskrif net verwys na Jesaja 1–39 of na die hele boek. Vir die prediking is egter net die insig belangrik dat God in en deur die geskiedenis werk. Profete tree nooit buite om historiese kontekste op nie.

Die volgende konings van Juda word genoem: Ussia wat regeer het van 783–742 vC (2 Kon 15:1-7; 2 Kron 26). Hy is opgevolg deur sy seun Jotam wat regeer het tot 735 vC (2 Kon 15; 2 Kron 27). Jotam is opgevolg deur sy seun Agas. Agas het regeer tot 715 vC en is opgevolg deur sy seun Hiskia, wat die meeste met Jesaja te doen gehad het. Hiskia was koning van 715–687vC (2 Kon 18–20; 2 Kron 29–32).

Op internasionale gebied was Assirië die groot rolspeler tot die oorname van Babilonië rondom 626 vC. Beide Israel en Juda het as vasalstate betalings gemaak aan Assirië. Israel het egter besluit om buite om Assirië se beheer op te tree en is in 722 vC totaal vernietig. Juda het in 701 vC (onder Sanherib) ook deurgeloop omdat Hiskia jare lank beplan het vir opstand teen Assirië (teen Jesaja se waarskuwing in) en so is Jerusalem beleër. Hiskia het teruggestaan en die vasalstatus is hernu.

Voor die tyd van vernietiging deur Sanherib van Assirië was Juda goed

daaraan toe. Die nalatenskap van Ussia het Juda laat floreer. Welgestelde mense het plase opgekoop, luukses bymekaargemaak. Ook die aanbiddingsplekke het floreer. Jerusalem was in die tyd ná die middel van die agtste eeu ekonomies sterk. Alles was egter nie in orde nie. Dit is wat Jesaja geopenbaar het.

In die tyd van oorvloed en bedreiging ontvang Jesaja (sy naam beteken "Jahwe is Verlossing") 'n visioen. Die detail daarvan vind ons eers in hoofstuk 6, maar dit word hier reeds genoem. Young beskryf *hzh* (visioen) "as 'sight' of what God had placed in the prophet's mind or had revealed to him". Volgens Oswalt verwys die woord na insig en persepsie, en dus die profeet se insig in die ware betekenis van dinge. Obadja is die enigste ander profeet wat die term aan die begin van 'n boek gebruik. In werkwoordvorm verwys dit na sig en dui dan veral op die intensiteit daarvan. In hoofstuk 1 is die visioen 'n hofgeding. Juda en Jerusalem word aangekla.

***Vers 2-9***: Alhoewel vers 2-9 nie deel van die fokusteks is nie, is dit belangrik om kortliks ter wille van die konteks daarna te kyk. Vers 2 lei 'n hofgeding in waar die volk beskryf word as "swaar belaai met sondeskuld". Israel word aangekla dat hulle gekies het om 'n verhouding te verbreek. In die hofgeding word kosmiese getuienisse opgeroep. Jahwe was die ouer wat versorg het, maar Israel het gerebelleer. Teen die einde van vers 9 het Jahwe die saak gemaak dat Jerusalem nou sy teenstander is.

***Vers 10-17***: Watts meen die verse is geskryf in die styl van 'n wysheidsleraar. Kommentatore is dit meestal eens dat die kultus (aanbiddingsisteem rondom die tempel) nie as sodanig afgewys word nie. Hierdie is nie 'n oproep tot die afskaffing van die kultus nie, maar eerder 'n aanklag dat die kultus gebruik word om God se guns te "koop" en dat ware dade van trou en geregtigheid nie nagevolg word nie. Williamson beskryf dit as volg: "People think that the proper response is frantic and plentiful cultic activity," waar God eintlik die verandering van optrede vra. Williamson verwoord dat die nalaat om aanbidding met 'n leefstyl van reg en geregtigheid te laat saamgaan, die probleem konstitueer: "The latter invalidates the former" (Williamson).

***Vers 10-15*** omvat 'n deeglike lys van al die kultiese handelinge, maar met die fokus op 'n beskrywing van God se "ontvangs" en "ervaring"

daarvan. Die profeet gebruik assosiasie deur Juda in die aanklag aan te spreek as Sodom en Gomorra (v 10). Die verwysing na Sodom en Gomorra dui nie bloot op die bekende verhaal in Genesis 19 (Lot se gaste) nie, maar ook op hoe die stede se sonde uitgebeeld word in Esegiël 16:49-50. In Esegiël word die stede aangekla dat hulle ʼn oormaat kos gehad het, vol hoogmoed was en nie die hand van die behoeftiges versterk het nie. Hulle was hovaardig en het afstootlike dinge gedoen.

Hierdie aanspreekvorm is meer as ʼn vergelyking en moes skok. Israel is nie net *soos* Sodom en Gomorra nie (kyk v 9), Israel *is* …. Die geliefde stad word nou herbenoem.

Vanaf ***vers 11*** kom ʼn aantal antropomorfismes voor wat God se "gevoel" teenoor die verskeie kultiese handelinge verwoord. In vers 11 vind ons die retoriese vraag wat ʼn negatiewe antwoord verwag en wat die waarde van die gewone offerstelsel van die tempel bevraagteken. Jahwe se "gevoel" word hier met sterk werkwoorde verwoord: "Ek het genoeg gehad"; "staan My nie aan". Die offers was beskou as outomaties effektief om Jahwe se guns te wen (Williamson). Vet en bloed was volgens gebruik tydens die offerkultus vir Jahwe uitgehou.

Jahwe se reaksie, soos hierbo genoem, staan aan die begin en einde van die twee gedeeltes en vorm sodoende ʼn chiastiese struktuur. Jahwe se reaksie is die teenoorgestelde van dit wat die aanbidders verwag. Gewoonlik sou ʼn offer wat die regte riglyne volg die priesterlike bevestiging ontvang dat Jahwe dit aanvaar het. Hier vind ons ʼn formele verwerping.

***Vers 12-13***: Letterlik kom die aanbidders na die heiligdom om God "se gesig te sien". Die offers word beskryf as waardeloos (vain). Dit bereik nie dit wat hulle verwag nie; die reukwerk as afstootlik sowel as die gewyde dae en feeste as ondraaglik.

In ***vers 14*** skuif die fokus van offers na vaste feesdae rondom die nuwemaan en Sabbat. Die verband tussen "haat" en "siel" (hele wese) dui volgens Williamson "that God's response is one of emotional revulsion, not a deliberative act which coldly weighs up whether the sacrifice has been offered in accordance with particular rules". Couey vertaal die gevoel van haat in die siel ook met die liggaamlike gevoel van

naarheid (nausea).

***Vers 15***: Hierdie vers vorm 'n klimaks waar selfs gebed as nutteloos en oneffektief uitgebeeld word vanweë die skuld van dié wat bid. Al word die gebede op die "korrekte" manier vanuit 'n formele perspektief beoefen, sal God nie luister nie. Die beskrywing dat God sy oë sluit, word nêrens anders in die Ou Testament met God as subjek gebruik nie. Wanneer dit wel vir mense gebruik word, is dit die bewustelike keuse om iets af te wys. Bloed is hier in meervoudsvorm en verwys na bloed wat gewelddadig vergiet is. Volgens Psalm 24:4 was mense wat bloed vergiet het nie eers toegelaat in die heiligdom nie. Almal is nou skuldig vanweë assosiasie (Williamson). Soos Couey dit verwoord: "The mixture of different kinds of blood in the poem powerfully figures an unseemly combination of piety and injustice."

***Vers 16-17***: Die kras beskrywings van God se ontvangs van die kultushandelinge gaan oor in lyste van imperatiewe (v 16-17) van dit wat God eerder soek. Hierdie is ononderhandelbaar. Die oproep is dat die volk hulle moet reinig en moet ophou met hulle bose dade. Hierdie imperatiewe/opdragte word deur Oswalt as "terse" beskryf. Die eenvoud hiervan word gekontrasteer met die lang verduidelikings van die vorige verse. Couey sien ook dat die kort opdragte die tempo versnel en dringendheid uitbeeld. Oswalt beskryf dit as "at the heart of God's expectations are simplicity itself". Die fokus van die werkwoorde is reiniging van sonde en die aktiewe doen van goed en die bevorder van die reg van die vaderlose en weduwee, deur ook die onderdrukker aan bande te lê.

Volgens Oswalt beskryf vers 10-17 twee maniere om op God te reageer. Die eerste, soos hierbo gesien, is deur godsdienstige seremonies van die tempelkultus wat op 'n manipulerende manier gebruik kan word. Die ander is deur te leef volgens dit wat God verwag. In vers 18-20 word die volk opgeroep om te kies tussen die twee.

***Vers 18-20***: Hierdie verse word beskou as die retoriese klimaks van die hele hoofstuk (Williamson). Die imperatiewe in vers 16 en 17 plaas hulle voor die keuse van gehoorsaamheid of weiering. Die klimaks word duidelik geformuleer in die frase in vers 20: "Ja, die mond van die Here het gespreek."

Die uitnodiging in vers 18, "Kom tog…", verbind die uitnodiging met die

Die uitnodiging in vers 18, "Kom tog …", verbind die uitnodiging met die voorafgaande imperatiewe. Die Hebreeuse woord wat vertaal word met "let us settle our differences" (laat ons die saak uitpraat), is nie so maklik om te vertaal nie. Dit het 'n ongewone verbuiging van die kern van die woord en word anders gebruik as wat dieselfde wortel elders gebruik word.

Vers 18-20 keer terug na die hofgeding en eindig met twee voorwaardelike stellings. Kleur word gebruik om God se inisiatief tot herstel uit te beeld ("evocative use of colour imagery"). Williamson skryf oor die gebruik van kleur:

"… what we have is a rare image of God's removal of the stain of sin under the guise of a change in colour, something which fits well after the previous verses with their attention to the blood not only of the sacrifices but also of violence and to the command to 'wash yourselves, purify yourselves'."

In die Bybelse tyd was rooi een van die min kleure wat gemeng is en kon maklik uitgewas word. "Skarlaken" (1983-vertaling) verwys na die wurm waarvan kleursel gemaak is (kermes wurm, *cocus ilicis*). In die 1983-vertaling is die kleure vertaal met "skarlakenrooi" en "purperrooi".

Vers 19 en 20 is die uitspraak in die hofgeding waar daar aan die hoorders twee keuses gegee word: wees gewillig en luister, of weier en bly opstandig. Beide opsies het gevolge. Letterlik word dit vertaal met "eet die goeie van die land of word geëet deur die swaard". Die uitnodiging dui daarop dat God se vergifnis nie begrens word deur menslike skuld nie.

## *Konteks*

Die teks word in Koninkrykstyd gelees, die tyd op die liturgiese kalender waar nagedink word oor kerkwees in die wêreld. Hoe word die evangelieverhaal beliggaam in die wêreld?

Die ander leesroostertekste vir die Sondag is Psalm 50:1-8, 22-23 en Hebreërs 11:1-3, 8-16. Psalm 50 bevat ook 'n regsgeding teen die volk waar God teen die volk getuig. Ook in die psalm (as die volle een gelees word) word die volk herinner dat die regte dade meer weeg as die korrekte kultusbedrywighede. Hebreërs 11 fokus op geloof as sekerheid

van dit wat nie gesien kan word nie.

In die refleksie op ons fokusteks identifiseer die meeste kommentatore die onverwagse sterk beskrywings van Jahwe se "gemoed" rakende die kultusbedrywighede by die tempel. Oor die algemeen is die kommentatore dit eens dat die kultus as sodanig nie afgewys word nie, maar dat die waardeloosheid van die kultus uitgelig word as dit nie gepaardgaan met geregtigheid en trou nie. Die kritiek is dus nie teen die kultus self nie, maar die verbreking van die verbondsverhouding deur dade van ongeregtigheid.

Soos Brueggemann tereg opmerk, kan die teks nie gebruik word om ander se liturgie en vorme van aanbidding te veroordeel nie, maar eerder om te besef dat die woorde gerig is teen enige vorm van gemeenskap wat gewortel is in pretensie, oneerlikheid en ongehoorsaamheid.

Die sterk gevoelswoorde wat Jahwe se weersin in die kultussisteem verwoord, skep ongemak by die leser en laat 'n mens nie onaangeraak nie. Kaiser verwoord dit soos volg: "Isaiah presents his God as speaking of these 'pious' and 'holy' works in terms of unsurpassed contempt" en dat God diep moeg is van al die aktiwiteite. Oswalt merk op dat in die lees van die teks die leser bewus word van die eindelose ritmes van kultiese aktiwiteite: "The weariness of God becomes palpable." Die prediker kan fokus op hierdie antropomorfistiese beskrywings van God en die impak daarvan op die gehoor se Godsbeelde. Hoe dink ons oor God as teenwoordig in enige aanbiddingsituasie? Is die God deelnemend of 'n blote toeskouer?

Kaiser is van mening dat Jesaja die kultus as waardeloos voorhou omdat dit bloot ten doel het om mense teen God se aanspraak op hulle hele lewe te beskerm. Die kultus moet God se aanspraak vervang. Die enigste waarde van aanbidding en gebed is egter as dit werklik gebruik word om God te ontmoet. Daar waar die kultus gebruik word om sekuriteit te verskaf, is dit laster. Die kultus is nie magies en manipulatief nie. Die prediker kan die ironie uitlig dat "kerkwees" soms 'n aktiwiteit is waar ons God eintlik weghou van dit wat naby, intiem en daagliks is.

Die meeste kommentatore is dit eens dat dit wat tel te make het met dade van geregtigheid en die afwys van onreg. Oswalt oordeel dat godsdiens wat nie ongeregtigheid uitdaag nie deur God verafsku

godsdiens wat nie ongeregtigheid uitdaag nie deur God verafsku (detest) word, want dan ondersteun die godsdiens die voortgang van ongeregtigheid. Die fokus is die gebrek aan geregtigheid en nie die gebrek aan aanbidding nie.

Met verwysing na vers 16-20 word die vraag na die voorwaardelikheid van die vergifnis ’n tema by skrywers. Is die nakom van die imperatiewe in vers 16-17 voorwaardelik vir die vergifnis in die daaropvolgende verse? Williamson verwys na Hieronimus (vierde eeu), Middeleeuse kommentare en Hervormers wat vers 18 lees dat die nakom van die imperatiewe voorwaardelik is vir vergifnis. Dit blyk asof kommentatore eens is dat dit so gehoor kan word binne die Ou-Testamentiese konteks, maar dat juis die evangelieboodskap die voorwaardelikheid ophef sonder om die erns van die saak te negeer. Die gevaar van die tipe dogmatiese vraagstelling wat baie keer gebore is uit teologiese kernmomente van ’n tradisie (bv die gereformeerde fokus op redding uit genade en nie werke nie), is dat ons die retoriese impak van die woorde verdwerg deur vrae wat vanuit ’n plek kom wat nie die konteks van die teks in ag neem nie.

Die waarde van die profete en die poësie van profetiese tekste is juis dat ons toelaat dat die woorde ons konfronteer, uitdaag, ontstel en lei na dieper insig in onsself, God en die gemeenskap van gelowiges.

In sy preekstudie oor Jesaja 1:18 fokus Odendaal op die konteks van die verbondsregstryd, wat ’n hofgeding en aanklag behels. Die verhouding tussen die volk en God is kritiek en het ’n breekpunt bereik. Die doel van die regsgeding is egter nie veroordeling nie, maar ’n kans tot selfinsig. Hierdie aanbod kan net kom van die Verbondsgod waar daar op die oomblik van regterlike uitspraak onverwags ’n genade-aanbod kom. Miskien is die gesprek rondom die voorwaardelikheid van die aanbod nie so belangrik soos Jahwe se bereidheid om in gesprek te tree nie.

Limburg, in sy preekvoorstel, parafraseer die profeet se boodskap en verwoord dit met die beeld van mense wat hulle lewe opdeel in twee kompartemente: godsdiens en lewe. Dit impliseer dat “kerkwees” op Sondag nie geregtigheid en die uitkyk vir die weduwee en wese insluit nie. Limburg is oortuig dat godsdiens nie geskei kan word van die daagliks lewe nie, van die eerlikheid in jou koop en verkoop nie: “People

daaglikse lewe nie, van die eerlikheid in jou koop en verkoop nie. "People had forgotten that religion has to do with the ordinary things of everyday life."

Watts identifiseer ook die moontlike preeklens van 'n lewe wat bewus is van wat God eintlik vra. Dat die imperatiewe 'n "sagter" leef vra:

"The requisites of grace are the milder attitudes of submission and pliable attention; the humble willingness simply to be God's own and do his will; the attentive listening which heeds God's words and carefully does them."

In Watts se woorde tel 'n mens die erkenning van 'n daaglikse bewustelike lewe voor die aangesig van die Here op en nie bloot die besig wees met al die godsdienstige praktyke nie. So 'n bewustelike lewe sal moontlik die selfmisleiding van die aanbidders ontbloot.

Brueggemann sien dat in die kritiek van die profete die kultus 'n plek geword het van "self-indulgence and satiation". Jahwe in sy ware karakter is misken. Die kultus se rol moet eintlik getuienis en beliggaming wees van gemeenskap met Jahwe in sy karakter wat soewerein en vol genade is. Aanbidding is nie 'n teater of 'n *charade* nie.

Craddock herinner ook aan die historiese spesifiekheid van God se woorde wat in 'n spesifieke tyd tot Juda en Jerusalem kom. Volgens Cradock is die soeke na geregtigheid nie bloot die verandering van jou ingesteldheid nie. Dit is die lewe van gehoorsaamheid aan die Here se wil vir geregtigheid.

Twee opsies wat die prediker kan oorweeg, is eerstens om die retoriese impak van Jesaja se woorde nie te onderskat nie. Wat gebeur hier? Hoe ervaar die gemeente hierdie uitbeelding van God se "gemoed"? Tweedens is die uitnodiging om nie die dinge te lys wat ons verkeerd doen of te veel doen of nie met die regte ingesteldheid doen nie, maar eerder te fokus op God se verlange dat ons met ons hele wese teenwoordig sal wees by Hom; dat ons aanbidding en kerklike aktiwiteite ons nie weglei nie, maar eerder na God sal laat smag en om dade te beliggaam wat God se wil vir geregtigheid aan die minstes weerspieël. Dat ons sal fokus op die daaglikse saamwandel in onderskeiding.

## *Preekvoorstel*

Ons almal het seker al sielsmoeg gevoel. As dinge te veel is, dit jou bloot irriteer en waardevolle goed waardeloos oorkom. Jesaja vang ons onkant met God se “menslikheid”: sy ongeduld, irritasie, moeg wees en afkeer; emosies gerig teen aktiwiteite wat binne die heiligdom van die tempel geskied. ’n Plek van aanbidding wat tog ’n teenoorgestelde belewing moet oproep.

Wat gebeur hier? Miskien is God se gevoel die gevolg van ’n misverstand en verkeerde verwagtings van die kultus en die rol van tempelaanbidding, of miskien ontbloot die Here ons diepgesetelde behoefte om Hom weg te hou van ons af; ’n behoefte wat ons wegsteek in optredes wat lyk of ons God naby wil hê.

Miskien ontbloot die woorde in Jesaja die spel wat Juda en ons soms speel om gemeenskap met God as ’n wederkerige speletjie te beskou wat nie ons lewe diep verander en aanraak nie.

Jesaja bevestig in hierdie verse die oortuiging van die profete-tradisie dat die aanbidding van God ook etiese eise insluit. Jesaja se tyd as profeet het oor ekonomies goeie en slegte tye gestrek. Rondom 701 vC, met Assiriese geweld en die beleëring van Jerusalem, moes die volk weer introspeksie doen. Ons vind in Jesaja 1 ’n aanklag, ’n hofsaak waar hulle aangekla word dat hulle nie die verbondsverhouding in stand hou nie. Die situasie is van so ’n aard dat die geliefde Jerusalem met die naam Sodom en Gomorra aangespreek word, twee stede wat na aanleiding van Genesis 19 en Esegiël 16 negatiewe konnotasies van bandeloosheid en die verdrukking van die weerloses besit. Twee stede wat deur God se toorn vernietig is.

Die aanklag is nie ’n gebrek aan godsdienstige optrede nie, maar eerder die pretensie en oneerlikheid daarvan. Die tempelspel wat God weghou van die tempel en die lewe.

Die volk trek op en doen moeite met die Heilige van Israel, maar hou die Heilige ver van die alledaagse. Die uitnodiging in vers 18 wil tog twee dinge laat blyk: dat dit vir God gaan oor die mense en nie net die voorskrifte, handelinge en gewoontes nie. Hy nooi sy mense om terug te kom. In beskrywende taal verduidelik God dat Hy hulle sondes wil vergeef, dat Hy aan hulle die goeie wil gee. God wil ook deur húlle ander bevry en voed, raaksien en versorg. God verlang na die mens, maar die

mens kruip agter die besig wees weg. Miskien omdat hulle toe en nou presies geweet het wat God vra, naamlik hulle alles, maar ook ʼn hand en ʼn hart vir dié op die rand van die samelewing. Miskien is dit soms net vir ons te veel gevra.

In Koninkrykstyd waar ons nadink oor kerkwees in ʼn wêreld wat dikwels tevrede is met die bolangse, die *charade* en die spel van besig wees, konfronteer Jesaja ons ook vandag met God wat verlang na ons, na geregtigheid, na herstel. Die kruis en die oop graf verkondig getrouheid en egtheid wat alles vra. Die versorging van ander, die herstel van onreg, is onafskeidbaar vervleg met ons aanbidding. God vra ook vandag dat ons ons stroop van speletjies en ophou wegkruip, want Hy verlang na ons en almal se alles en herstel.

## *Bibliografie*

W Brueggemann, 1997. *Theology of the Old Testament*. Minneapolis: Fortress Press; W Brueggemann, 1998. *Isaiah 1-39.* Louisville: Westminster John Knox; JB Couey, 2015. *Reading the poetry of first Isaiah: The most perfect model of prophetic poetry*. Oxford: Oxford University Press; FB Cradock et al, 1994. *Preaching through the Christian year.* Valley Forge: Trinity Press International; O Kaiser, 1971. *Isaiah 1-12.* London: SCM Press Ltd; J Limburg, 2001, in RE van Hard (ed). *The lectionary commentary. Theological exegesis for Sunday's texts. The first reading. The Old Testament and Acts.* Grand Rapids: William B Eerdmans; DH Odendaal, 1982. *Woord teen die Lig 2. Riglyne vir Lydensprediking.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers; EJ Young, 1965. *The Book of Isaiah* (The New International Commentary on the Old Testament), Volume 1. Grand Rapids: William B Eerdmans; JDW Watts, 1985. Isaiah 1-33 in *Word Biblical commentary.* Volume 24. Waco, Texas: Word Books; HGM Williamson, 2007. *A critical and exegetical commentary on Isaiah 1-27.* London: T&T Clark.

---